

Sondag 33 Die ware bekering is 'n hartelike vreugde!

Dag 1:

1. Fokus op mekaar: (± 30 min – dalk tydens aandete)

- *Elkeen kry die geleentheid om te sê hoe sy of haar dag was, wat vreugdes of teleurstellings was, waar hy of sy hulp nodig het.*
- *Is daar iemand wat van 'n spesiale (of gewone) ontmoeting met die Here kan vertel? B.v. iets besonders raakgesien of ervaar.*

2. Fokus op die Here

2.1. Ons met die Here: (±15 min)

a. Sing saam tot eer van die Here.

Psalm 139:12 is die gebed van 'n gelowige om om nie in sy sonde nie maar in die Here te wandel:

*Deurgrond, o Heer, en ken die swart,
verborgde dieptes van my hart;
of diep in my, waar U kan lees,
'n skadelike weg mog wees.
En lei voortaan my wankle skrede
tog op die weg van eewige vrede.*

b. Gebedsvoorstelle:

Loof die Here vir sy daaglikse sorg.

Dank die Here vir sy genade in Christus.

Bid dat die Here jou hart sal vol maak met die bewustheid van Christus se liefde.

Bid dat die Here jou al meer sal laat afsien van die sonde.

Bid om die verligting van die Heilige Gees om die Woord nie net verstandelik te verstaan nie, maar dat dit in jou verhouding met God en jou naaste 'n verskil sal maak.

2.2. Die Here met ons: (±30min)

Lees Sondag 33 hardop eenkeer deur (pa of ma kan die vrae vra en die kinders kan antwoord)

Vra: Waaroor gaan dit hier, wat is die hoofpunt wat Sondag 33 ons wil leer?

Sondag 33 wil ons leer hoe die ware bekering in die praktyk van 'n gelowige se lewe lyk:

Dit is iemand wat nie meer uit die staanspoor uit sonde doen nie, maar wat nou begin om goed te doen.

So 'n mens is jammer oor die sonde wat hy gedoen het, en daarom hou hy daarmee op.

So 'n mens het ook 'n nuwe vreugde en liefde vir God, en daarom wil hy God eer deur goeie werke te doen.

Die goeie werke wat so 'n persoon doen spruit vanuit sy geloof en is in lyn met wat die wet van God leer.

Belangrike woorde:

Bekering: Dit is om op te hou om verkeerd te doen en te begin om reg te doen.

Afsterwing Die proses om dood te gaan (soos 'n naelstring afsterf as die bloedtoevoer afgesny word)

Ou mens die term wat die Bybel gebruik om mense wat goddeloos leef te beskryf. Die 'ou mens' is 'n slaaf van die sonde

Opstanding Die proses om lewend te word

Nuwe mens Iemand wat gered is. Hy leef nie meer soos die ou mens nie, maar begin nou vir Jesus navolg.

Hartelike berou Dit is om rêrig jammer te wees

Vertoorn Dit is om iemand briesend kwaad te maak

Hartelike vreugde Dit is om 'n oorborrelende gevoel van blydschap te hê oor wat God vir jou in Christus gedoen het

Goeie werke Werk wat God eer. God self sê vir ons in sy Woord wat goeie werke is. Ons moet die waardes van ons samelewing toets aan die woord van God want nie alles wat die samelewing sê goed is, is God se wil vir die mens nie.

Leidende vrae

1. God vergewe ons sondes, hoekom moet ons dan ook nog bekeer? (sien Sondag 32)
2. Hoe dien jou persoonlike verhouding met die Here as 'n aansporing tot bekering?
3. Wil jy die mense wat vir jou lief is bly maak? Of hulle kwaad maak?
4. As die Here vir jou lief is, wil jy Hom bly maak?
5. Hoe kan jy die Here bly maak?
6. Hoekom dink jy gebruik die kategismus *teenwoordige deelwoorde* (*afsterwing* en *opstanding*) om die ware bekering te beskryf? Is bekering iets wat eenkeer gebeur en vir altyd afgehandel is, of is dit 'n lewenslange proses?
7. Wie kan besluit wat 'goeie werke' is. Het dit al met jou gebeur dat iemand, wat hy gedink het 'n goeie werk, is teenoor jou wil bewys, maar dit jou toe eintlik seergemaak? Hoekom is dit die beste dat God en nie mens bepaal wat goeie werke is?

3. Fokus op die wêreld en die skepping (±15 min)

Waar in jou lewe het jy nodig om te bekeer?

Hoe kan jou bewustheid van God se liefde jou in jou bekering help?

Sondag 33 Die ware bekering is 'n hartelike vreugde!

Dag 2:

1. Fokus op mekaar: (± 30 min – dalk tydens aandete)

- *Elkeen kry die geleentheid om te sê hoe sy of haar dag was, wat vreugdes of teleurstellings was, waar hy of sy hulp nodig het.*
- *Is daar iemand wat van 'n spesiale (of gewone) ontmoeting met die Here kan vertel? B.v. iets besonders raakgesien of ervaar.*

2. Fokus op die Here

2.1. Ons met die Here: (±15 min)

a. Sing saam tot eer van die Here.

Psalm 33:1 sing van ons 'hartelike vreugde in God deur Christus:

*Sing vrolik, hef die stem na bowe;
regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe
en uit te jubel tot sy eer.*

*Laat die psalmgesange - stem van sterk
verlange
om die HEER te dank -
by die smeltend-skone harp- en sitertone,
liefde en lof verklank!*

b. Gebedsvoorstelle:

Bid veral om God se groot liefde te kan raaksien

2.2. Die Here met ons: (±30min)

Lees Efesiërs 2:1-10 hardop eenkeer

Vra: Waaroor gaan dit hier, wat is die hoofpunt wat Efesiërs 2:1-10 ons wil leer?

Efesiërs 2:1-10 beskryf die verskil tussen die 'ou mens' en die 'nuwe mens.' Daar is geen 'nuwe mens' wat nie ook vroeër 'n 'ou mens' was nie.

Leidende vrae

1. Is verse 1-3 in die verlede, teenwoordige of toekomstige tyd geskryf?
Dink jy dis belangrik om te weet of dit wat in verse 1-3 beskryf word in die hede, verlede of die toekoms van die gelowige behoort?
Dink jy jy behoort aan te hou leef soos jy toe geleef het?
2. Wat het die verandering gebring? (verse 4-7)
Verdien ons nou nog die dood oor hoe ons in die verlede geleef het? Hoekom wel of hoekom nie?
3. Kan jy jouself red? (8-9)
4. Hoe behoort jy nou te leef nou dat jy gered is? (vers 10)
5. Wat beteken dit om aan iets toegewyd te wees?
6. Is jy toegewyd daaraan om goeie werke te doen?

3. Fokus op die wêreld en die skepping (±15 min)

Wat is die goeie werke waaraan jy jou behoort te wy waarvoor daar tans gelentheid in jou lewe is?

Sondag 33 Die ware bekering is 'n hartelike vreugde!

Dag 3:

1. Fokus op mekaar: (± 30 min – dalk tydens aandete)

- *Elkeen kry die geleentheid om te sê hoe sy of haar dag was, wat vreugdes of teleurstellings was, waar hy of sy hulp nodig het.*
- *Is daar iemand wat van 'n spesiale (of gewone) ontmoeting met die Here kan vertel? B.v. iets besonders raakgesien of ervaar.*
- *Kon jy by die goeie werk wat jy gesê het jy by moes uitkom, uitkom? Hoe het dit gegaan?*

2. Fokus op die Here

2.1. Ons met die Here: (±15 min)

a. Sing saam tot eer van die Here.

Sondag 33 sê dat goeie werke 'tot die eer van God gedoen word.' Lied 184:4 sing van hoe alles God moet eer:

Lofsing die Here, ja, almal kom loof nou die Here!

Alles wat asem het hier tot in tydlose sfere!

Hy is die Lig; ons oog bly op Hom gerig:

Hy is die Heer van die here!

b. Gebedsvoorstelle:

Dikwels gaan ons goeie werke meer daarvoor om onself in 'n goeie lig te stel. Bid daarom dat julle sal soek om God bo alle ander dinge te eer.

2.2. Die Here met ons: (±30min)

Lees Markus 5:1-20 hardop

Vra: Waaroor gaan dit hier? Wat die geskiedenis wat Markus 5 ons vertel?

Markus 5:1-20 gaan oor 'n besetene wat deur Jesus verlos word. Die man begin dan 'n nuwe lewe.

Leidende vrae

1. Is 'n 'onrein gees' 'n teken van die 'ou mens' of van die 'nuwe mens'?
2. Kon hierdie man, terwyl hy nog as 'n 'ou mens' geleef het vrede met God of sy naaste ervaar? (5:3-7)
3. Hoe breek sonde jou verhouding met God en jou naaste af?
4. Toe Jesus die man van die onrein gees verlos het, was sy eerste reaksie om saam met Jesus te wil gaan (v 18). Hoekom dink jy dat hy saam met sy Verlosser wou gaan? (v&a 90)
5. Jesus het hom dit egter verbied (v. 19). Wat is die goeie werke wat Jesus die man beveel het om te doen?
6. Was die man getrou in hierdie goeie werke? (v20).
7. Wat dink jy was die man se aansporing om aan te hou om goeie werke te doen selfs toe hy nie meer fisies by Jesus was nie?
8. Dink jy hierid man het 'n vreugde in die werk gevind, of dink jy dat dit vir hom 'n schlep was?

3. Fokus op die wêreld en die skepping (±15 min)

Wat dink jy is die goeie werk waarna toe jy geroep word?

Wat sal jou aanspoor om hiermee vol te hou?

Waar kan jy ondersteuning hiervoor kry?